Hello almal!

Vanuit 'n baie warm en droë Zambië. Die kraaie gaap behoortlik met temperature wat gedurende die dag by die 40'C gaan draai! Die malaria muskiete is ook al weer hier en die reënseisoen het nog nie eers begin nie! Dis net ongelooflik hoe die natuur sy gewone gang gaan sonder dat daar 'n enkele druppel reën geval het – die bome bot en oral maak groen grassies hulle verskyning. Die eerste reën word eers teen middel November verwag en tot dan gaan dit net geleidelik al hoe warmer raak.

Projekte

Die groter kinders kom help nogsteeds by Kanjanji oor naweke. Hier regs is Lourie saam met Petias en Mordcay besig om kraalmis by een van ons bure op te laai vir die groentetuine. Dis moeilik om hulle uit te ken so onder die stof en mis!

Met die 'sweet cakes' gaan dit ook nog voor die wind. Hier regs onder, kom koop twee van ons jongste kliënte, Cynthia en Sharon, van die 'sweet cakes'. Ons gebruik die geld om onder andere skoolboeke en -uniforms aan te koop vir die laer standerds.

Ons hoenders lê nou byna elke dag meer as 30 eiers en soms moet ons dit op die dorp gaan verkoop! Mary help my nou om 'sweet cakes' te bak, want almal van julle wat al hier gekuier het, weet dis 'n taak met geen einde nie! Mary, die pastoor se vrou, help ook om my vloere te poets, maar verder doen ek en Lourie al die huiswerk self. Sy is ook die een wat die winkeltjie eiehandig hanteer.

Op die volgende bladsy is 'n foto van waar ek besig om 'n nuwe uniform vir 'n seun van 'n naburige stat aan te pas. Al hulle klere het in die slag gebly toe een van die kleintjies met 'n kers gespeel en die hele hut (te siene op die foto in the agtergrond) in die brand verwoes is. Ons het ook vir hulle komberse geskenk. Daar is nege

Kanjanji
Children's Village
His heart, His hands, His little children

No. 35 – 06 October 2009

Lourie, Petias and Mordcay

Cynthia and Sharon buying cakes

Hello everyone!

It is getting really hot in Zambia at the moment with daytime temperatures soaring to around the high thirties. That has also brought back the dreaded mosquitoes which carry the malaria parasites. It is just so amazing how the seasons are changing without even the smallest drop of rain – trees are blooming and green grass is appearing everywhere. The first rain is only expected around the middle of November and it is just going to get steadily hotter untill then.

Projects

Children in the higher grades are still coming to Kanjanji over weekends to help. In the photo on the left Lourie, Petias and Mordcay are getting cow manure for the vegetable gardens from the neighbouring village.

The sweet cakes are still in high demand and the next photo shows some of our youngest clients, Cynthia and Sharon, buying some. It is just too good to resist! Proceeds from the sweet cakes sales go towards school books and uniforms for the lower grades.

Mary, the pastor's wife, helps with the baking of the sweet cakes. Those of you who have visited Kanjanji in the past year, will know that it is a never ending task. Mary helps to wax our floors from time to time, but apart from that all the house work is done by Lourie and I. Mary is also the one who manages the little shop on her own.

On the next page is a photo of me fitting a new uniform for one of the boys from a nearby village. All their clothes and blankets were destroyed when their hut (as seen in the background) caught fire when one of the little ones played with a burning candle. We also donated some blankets, as the nights are still quite cold.

On the next picture you can see the new extension to the pastor's house. We are adding a small kitchen and another room to the existing house as well as a separate toilet and

kinders in die 'village' en dié twee boeties is wees.

Op die volgende foto is die pastoor se huisie. Ons het laas vertel dat ons 'n kombuisie en 'n kamer aanbou het asook 'n aparte toilet-/stortkamer. Wel, dit is nou byna voltooi. Heel onder is 'n foto van hoe die vorige 'kombuisie' gelyk het met 'n 'make-shift' stoof. Nietemin, bak Mary die lekkerste botterbroodjies ('scones') in hierdie primitiewe stoof! Brandhout vir die stoof is egter 'n groot probleem hier in Zambië, aangesien so baie bome afgekap word om houtskool te maak en houtskool is vir die gewone Zambiër net te duur.

Mike, die voorskoolse onderwyser, het begin met 'n program om die jong volwassenes te katkiseer. Hulle kom nou almal op 'n Sondagmiddag bymekaar vir hulle les en ons beplan om ook DVD's te vertoon.

Gebedsversoeke

- Bid asseblief vir Mike vir die groot taak op sy skouers;
- Bid asseblief dat ons hierdie jaar malaria sal vryspring en ook vir algemene gesondheid;
- Bid asseblief vir elke projek op Kanjanji en dat ons weduwees en wese wat hulp nodig het, sal kan identifiseer.

Kyk gerus op ons webwerf vir die nuutste foto's en inligting.

Beste wense,

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com

✉ Posbus 630677, Choma, Zambië

Fitting a new uniform for one of the boys

New extension to the Pastor's house

Mary's make shift oven

shower room. As you can see it is nearing completion. The photo at the bottom of the page shows the make shift 'oven' that Mary has been using. Nevertheless, she makes the most delicious scones in this primitive oven. Getting hold of just ordinary fire wood is rather difficult as trees in the area are being cut down at an alarming rate by people making charcoal.

Mike, the preschool teacher, has started giving Bible classes on Sunday afternoons to some of the older children that have indicated that they would like to learn more about the Bible. We are also planning to show DVDs of Bible teachings and gospel music.

Prayer requests

- Please pray for Mike for his huge responsibility;
- Please pray for our health in general;
- Also for the widows and orphans in the rural areas who we still need to identify.

Visit our web site for the latest pictures and information.

Best regards,

Lourie & Gisela Ferreira

www.kanjanji.com / childrensvillage@kanjanji.com

✉ PO Box 630677, Choma, Zambia

Kanjanji Children's Village
His heart, His hands, His little children